

Inhoud Hierdie preek wys dat God kinders só skep dat 'n kind vir net een pa en een ma of 'n "son" of 'n "daughter" kan wees. Dit is vir kinders volgens die aard van hul kindwees onmoontlik om vir twee pa's of twee ma's 'n "son" of "daughter" te wees. Hierdie preek wys hoe selfdegeslag verbintenisse die kinders wat hulle aanneem in hul kindwees skend en hoe die NG Kerk hierdie skending as God se seën voorhou. Dit wys hoe 'n kind hulself moet handhaaf in sulke aannemings en hoe die NG Kerk in effek nou hierdie kinders veroordeel as God se ongehoorsame kinders wanneer hulle hul kind wees probeer behou.

Skriflesing Exodus 20: 1, 12; Efesiërs 5: 28 – 6: 4.

Teks Efesiërs 6: 1,2: "Kinders, wees in die Here aan julle ouers gehoorsaam, want dit is hoe dit hoort."

Tema God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

1. Ons gaan vanoggend weer na 'n saak kyk wat nie in ons gemeente voorkom of gebeur het nie. U mag nie so na die preek luister nie. Ons kyk na die besluit van 'n kerkvergadering en hoe ons ons as gemeente teenoor hierdie besluit moet posisioneer.

Ons gaan vanoggend na 'n baie spesifieke en eiesoortige saak kyk vanuit die Woord van God. Die saak mense in 'n selfdegeslag verbintenis wat kinders aanneem en verwag dat hierdie kinders in hierdie selfdegeslag verhouding moet groot word asof hulle hierdie persone se eie seun en dogters is.

Aanneem kinders is eie kinders. Daaroor moet u nie nou enige vraag of twyfel hê in hierdie saak waarna ons nou gaan kyk nie. Jesus wat 'n aangenome kind. Josef was nie sy biologiese pa nie. Josef het Hom as sy eie seun aangeneem. Deur hierdie aanneming is Jesus Josef se eie seun en Josef sy eie pa gewees. Jesus was niks minder Josef se seun omdat Hy sy aangenome Seun was nie. Inteendeel! Dit is veral deur Josef se aanneming dat Jesus regtens en wetlik die Messias kon wees. Josef was uit die geslag van Dawid en sou Jesus nie uit die geslag van Dawid kon wees nie, kon Hy nie volgens die Messias-belofte van 2 Samuel 7: 12 -14.

U mag glad nêrens in hierdie preek iets hoor soos aangenome kinders is nie regtig eie kinders nie!

U mag ook nie in hierdie preek dink dit gaan oor gewone enkel ouers nie. Baie ouers is vandag enkel ouers. Met enkel ouers leef die ouer en kinders in die verlies van die ander ouer en ondersteun en dra mekaar in hierdie verlies. 'n Verlies wat hulle nooit as 'n voordeel of wins kan glo en leef nie. Enkel ouers en kinders, is eie ouers en kinders!

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

U mag nie in hierdie preek dink dit gaan oor enkel ouers en kinders nie.

2. Die Here se gebod is helder en duidelik. 'n Seun en dogter moet hul vader en moeder met eerbied behandel. Dit beteken 'n seun of dogter mag hul pa en ma nooit as net nog 'n man of vrou of sommer net as 'n oom of tannie behandel nie. Hierdie man en vrou moet as vader en moeder, pa en ma behandel word.

In Efesiërs 6 word hierdie wet van God herhaal nadat gewys is dat God net een man en een vrou verenig om een vlees te wees. Net een man kan in sy vrou 'n husband wees vir sy vrou wie in hom alleen 'n wife kan wees. Hoofstuk 6:1 sluit direk aan by hierdie openbaring hoe God man en vrou verenig want een kind kan net een pa en een ma hê.

'n Kind is geneties 100% sy pa en 100% sy ma met 100% sy ma en 100% sy pa se gene. Alle kinders en elke kind word só deur God geskep! Hierdie genetiese eenheid van een kind, een pa en een ma, is ook deel van die psige van 'n kind en die emosies van kindwees soos God kinders maak: hulle kan psigies en emosioneel net seun en dogter wees van een ma en een pa.

Kinders kan nie geneties, psigies of emosioneel baie pa's of baie ma's se kinders wees nie.

Die Engels wys dit 'n woordonderskeid wat ons weer nie in Afrikaans het nie. Hulle praat van boys and girls teenoor sons and daughters. 'n Son is iets anders as 'n boy en 'n daughter. 'n Son is 'n seun van 'n father and mother en 'n daughter en 'n daughter is 'n dogter van 'n father and mother. 'n Boy and girl is sommer net kinders wat nie iets spesifieks van 'n pa en ma is nie.

God maak kinders só dat een son of daughter, net een father en een mother kan hê, want net in hierdie een pa is jy son of dauNet soos 'n man en vrou net in mekaar en nooit sonder mekaar husband en wife kan wees nie, net so kan 'n kind net in sy of haar pa en ma son of daugther wees. Dit is nie iets wat 'n kind in en deur homself kan wees nie. 'n Kind kan in en deur hom of haarself 'n boy of girl wees, maar net in 'n pa en ma, son en daughter.

Die amp van pa en ma kan psigies en emosioneel in kinders se gemoed en lewe net een persoon beklee, nooit meer as een nie.

3. Vir die doel van ons preek kan ons in Afrikaans onderskei tussen eie seun en dogter en pa en ma, waar eie dan beteken "son en daughter. Dit is hier waar nie nie met aanneming of enkel ouerskap moet deurmekaar raak nie. Aanneem ouers is regtig pa en ma en hierdie kinders is regtig son and daughter en nie sommer net 'n boy en girl nie.

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

Omdat God kinders só maak dat hulle aan net een persoon psigies en emosioneel as pa of ma verbind kan wees as eie, kan geen kind aan twee pa's of twee ma's verbind wees om vir al twee 'n son of 'n daughter te wees nie. Dit is vir kinders soos God hulle kinders maak en kinders laat wees, menslik onmoontlik.

Wat het nou gebeur?

Die regering het deur selfdegeslag troues goed te keur aan twee mans of twee vrouens die reg gegee om kinders aan te neem as hul eie kinders. Die NG Kerk se Algemene Sinode vergadering (AS) het ook hierdie reg aan hierdie mans en vrouens gegee deur te verklaar dat hulle kerklik mag trou en dat God hulle in hulle liefde en troue sal seën.

Met hierdie besluit dat selfdegeslag mense in die Naam van God mag trou en dat God hulle in hul verbintenisse seën, het hierdie kerklike vergadering kinders ingeseën om 'n son of 'n daughter vir twee mans of twee vrouens te moet wees.

Volgens hierdie besluit moet kinders aan God gehoorsaam wees, deur twee pa's of twee ma's te eer as hul ouers, of nog verder deur 'n man as sy moeder te eer en te gehoorsaam en 'n vrou as hul pa te eer en te gehoorsaam.

Hierdie kerkvergadering het die gebod in die Tien Gebooie: behandel hierdie een man en vrou wat Ek as husband en wife verenig het, met eerbied en gehoorsaamheid as jou pa en ma, jy is hulle son of daughter, verander na "jy moet hierdie twee mans met eerbied behandel as jou pa's" of "jy moet hierdie twee vrouens met eerbied behandel as jou ma's, en nog verder: "hierdie man moet jy met die eerbied behandel as jou ma" of "hierdie vrou met die eerbied behandel as jou pa."

Die NG Kerk het besluit God sal hierdie kinders vir hierdie nuwe soort gehoorsaamheid wat hulle ontwerp het vir kinders, – as God seën, volgens die belofte van die vyfde gebod.

4. Voor ons met hierdie saak kan verder gaan moet ons net eers oor god se verbondstrou vir mekaar opklaar. Daar is 'n verskil tussen die belofte van die vyfde gebod: "sodat dit met jou goed mag gaan, en jy 'n lang lewe op aarde sal hê" (Efe. 6: 2) en die verbondsliefde van God waardeur Hy ons as sy kinders aanneem en laat leef.

God seën kinders van gelowige in sy verbondstrou met al die seëninge van God se verbondsliefde, self al is een van die ouers 'n ongelowige heiden!

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

Dit wys Paulus vir ons duidelik uit in 1 Korintiërs 7: 13, 14: “en ’n vrou met ’n ongelowige man wat instem om by haar te bly, moet nie van hom skei nie. Die ongelowige man is immers deur sy vrou geheilig; anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.”

’n Kind van ’n ongelowige man wie met ’n gelowige vrou getroud is, maak die Here ’n heilige kind. Hierdie kind word ingesluit in Christus en is só deel van God se liefde en genade.

God werk altyd as God só met kinders van gelowiges. Sou ’n ouer sonde doen, in sonde val en dan selfs in sonde volhard, bly God getrou aan hulle kinders om hulle vir sy liefde te heilig. Ook vir aanneem kinders! Net soos Jesus as Messias geheilig is deur sy aanneming deur Josef.

Dit geld ook vir kinders wat deur gelowiges aangeneem word nadat hulle in die sonde van ’n selfde geslag troue en verbintenis verval het. God heilig op grond van sy verbondstrou hierdie aangenome kinders vir sy liefde.

5. Die belofte dat dit met kinders wat hul ouers eer en gehoorsaam (Efe. 6:2) sal goed gaan en hulle ’n lang lewe op aarde sal hê, is nie ’n verbondsbelofte nie. Hierdie belofte geld vir alle mense – ook heidene.

Hierdie belofte beteken dat jy ’n goeie kinderlewe sal hê wat jou as mens vorm om om jouself te kan wees en uitleef. Die belofte van ’n lang lewe gaan oor ’n gemeenskap waarin daar goeie orde is en deur hierdie goeie orde mense langer lewe as in ’n chaotiese gemeenskap.

Kan dit met ’n kind in ’n selfdegeslag verbintenis wat deur twee mans of vrouens as kind aangeneem word of met onnatuurlike kontrakte verwek word, goed gaan as kind?

Kan so ’n kind sy vader en moeder eer sodat dit met hom of haar as kind goed gaan en hulle ’n lang lewe in ’n ordelike gemeenskap hê?

Kan hulle natuurlike kinders wees soos die Here kinders gemaak het om natuurlik kinders te wees?

Want hulle word deur hierdie selfdegeslag verbintenisse om of twee mans al twee as pa te eer, of twee vrouens al twee as ma’s te eer of om ’n man as ma of ’n vrou as pa te eer!

6. Kom ons gaan kyk na hoe kinders vir hulle self in sulke verbintenisse hanterings meganismes moet vind om ’n kind te wees soos ’n kind kind is – ek kan net een pa en een ma in my lewe hê, eer en gehoorsaam!

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

Een hanteringsmeganisme van 'n kind is om net een man in so verbintenis as pa te aanvaar en die ander te verwerp as pa, net so om net een vrou as ma en die ander te verwerp.

Wanneer 'n kind dit so probeer hanteer word hierdie kind deur hierdie 2 mans of vroue onder die druk geplaas dat hulle verkeerd optree en moet leer om al twee as pa of ma te aanvaar. Hierdie kind word teen sy aard as kind gedwing om 2 pa's of 2 ma's in sy of haar lewe te aanvaar, omdat hierdie mense dit van hulle as kinders eis. Hierdie kind word veroordeel omdat hierdie kind 'n natuurlike kind is en word verplig om sy natuurlike behoefte te verdring en dood te maak in hom of haar self. Hulle mag nie kinders wees wat net een pa en een ma in hul lewe kan eer en gehoorsaam nie.

'n Ander hanteringsmeganisme van kinders is om al twee hierdie mans of vroue in hul eie gemoed net twee vaderfigure of moederfigure te maak. Kinders kan baie vader en moederfigure in hulle lewe hê vir wie hulle sommer net kinders, en nie sons en daughters hoef te wees nie. Doen 'n kind dit ontvoog hy al twee om father en mother te wees. Dit plaas so kind in 'n onoplosbare skuldposisie want 'n kind wat 'n pa en ma ontvoog, onteer sy of haar pa en ma.

Dieselfde gebeur as so kind net om hulle natuur en aard om net een pa of ma te kan hê probeer beskerm om hierdie twee mans en vrouens in hul gemoed net ooms en tannies te maak wat vir hulle goed is, hulle lief het en versorg. In 'n kind se psige kan baie ooms en tannies hulle lief hê en versorg. Maar weereens moet hierdie kind hulle wat sy of haar pa en ma wil wees, in hul siel ontvoog om net ooms en tannies te wees.

Wat is kinders wie nie 'n pa en ma het nie, maar net vader- en moederfigure, ooms en tannies het wat vir hulle lief het en versorg? Hulle is weeskinders! In hierdie selfdegeslag verbintnisse moet hierdie kinders om hul eie aard te behou as kinders, hul self weeskinders maak terwyl hierdie grootmense in die fantasie leef dat hulle is pa's en ma's en hulle is goed vir hulle kinders!

Nog 'n hanteringsmeganisme is dat 'n kind besluit ek sal besluit wanneer is wie van julle my pa en wanneer is wie my ma, soos dit my pas! Dan het 'n kind hom – haarself só bemagtig, dat hulle sal besluit wanneer en vir wie is hulle sons en daughters. Dan is hulle die wie besluit wie word wanneer geëer! Hierdie kinders is bemagtig om nie meer gebind te wees om hul vader en moeder te moet eer nie. Dit is nou nie meer God, die regering of kerk se besluit nie. dit is nou die kinders se besluit!

Waarvoor 'n kind geen hanteringsmeganisme het nie is wanneer van 'n seun of dogter vereis word om 'n man as hul ma te moet eer of 'n vrou as hul pa! Dit is so

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

verwonge dat hul net op een manier kan oorleef en dit is om hul natuur te ontken om 'n kind te wees. Dit is nie 'n hanteringsmeganisme nie. Dit is selfontkennende selfvernietiging van alles wat son en daughter is.

7. Kinders kan nie onbevange kind wees deur vir net een pa en ma ma son en daughter te wees in selfdegeslag verbintnisse nie. Hul moet hul eie aard as kind wees of probeer behou deur hierdie mense as ouers te ontvoog of hul kindwees te probeer ontken.

Maar die regering sê hulle moet twee mans of twee vrouens as hul vaders of moeders eer, of 'n man as moeder of 'n vrou as vader! Want binne hierdie nuwe goddeloosheid het God nie mans, vrouens of kinders met 'n spesifieke aard en natuur geskep nie. Mense kan kinders oor en opmaak soos dit by hul begeertes pas omdat hulle mekaar as mans en vrouens op en oormak om by hul begeertes te pas.

Kunsmatige pa's, kunsmatige 'ma's met kunsmatige sons en daughters!

En nou het die NG Kerk se AS gekom en hierdie kinders onder die eis geplaas om 2 mans as vaders te eer, sonder 'n moeder, om twee vrouens as ouers ma te eer, sonder 'n vader of om 'n man as moeder en vrou as vader te eer!

God verwag nou hierdie nuwe eer en gehoorsaamheid van kinders wie god so gemaak het wat net een man as pa en een vrou as ma kan eer en gehoorsaam! Dit is mos wat die kerk besluit het wanneer hulle selfdegeslag troues hou in die Naam van God en die seën van god op hierdie kunsmatige gesinne uitspreek!

Met hierdie besluit moet elke aangenome of verwekte kind in hierdie verbintnisse nou mos glo dat elke manier waarop hy of sy probeer om as kind net een man as pa en net een vrou een ma te hê, is volgens die geestelikes van die NG Kerk nou sonde!

Hulle mag nie hierdie mans en vroue ontvoog as hul pa's en ma's nie, hul mag nie een as pa of ma kies nie, hul mag nie hul aard as sons en daughters opgee nie, maar moet in hierdie verbintnisse aan God gehoorsaam wees en hierdie mans en vrouens as pa en ma eer en gehoorsaam wees.

En so sal God hul seën en dit met hulle in hul kindwees laat goed gaan!

'n Leuen uit die hel! Kinders wat in hul natuurlike aard om net een pa en ma te kan hê, met God en grootmense verniel word om anders kind te moet wees a wat God dit vir 'n kind gemaak gemaak het om kind te wees!

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

Kamma-kamma land vir kamma-kamma kinders, met kamma-kamma pa's en ma's, verwese kinders sonder eie pa's en ma's wat kamma-kamma pa's en ma's moet eer en gehoorsaam en lief hê sonder die liefde van 'n father en mother! En die Kerk sê dit is hoe God julle as kinders seën!

8. Wat moet ons as geloofsgemeenskap vir hierdie kinders doen?

Want hierdie saak raak ons baie nou en is nie sommer net iets wat ander mense daar ver mee moet worstel nie. Wat doen ek wanneer my kleinkind, my broers of susterskind, my vriend of vriendin se kind in hierdie kamma-kamma wêreld vasgevang is waar hulle nooit natuurlike kinders kan wees nie?

Want tans is hulle meestal verbondskinders! Kinders wat God vir sy liefde deur Christus geheilig is!

Op die oog af lyk dit asof ons totaal magteloos teenoor die regering en die geestelikes van die kerk staan – hulle het klaar besluit hierdie selfopgemaakte kunsmatige gesinne is reg en kinders moet nou eervolle en gehoorsame kinders in hierdie kamma-kamma land wees, al is hulle in werklikheid weeskinders in hul eie psige en gemoed net om hul aard as kinders te kan behou!

Dit is eintlik verskriklik maklik want die Here is die Here van regte kinders soos Hy kinders maak vir die regte lewe met mense wat vir God reg leef!

En ons wat as gelowige oupas en oumas, ooms en tannies, neefs en niggies en vriende van hierdie kinders is, leef regtig in die regte skepping met God wat regtig God is. 'n Kind kan meer as een oupa, ouma, oom, tannie, neef en nefie en vriend in hul lewe hê, wat regtig is. Dit is hoe kinders regtig natuurlike kinders is!

Al wat ons moet doen is om hierdie kinders regtig lief te hê, want in ons liefde is hulle regtig deel van 'n regte oupa en ouma se liefde, regte ooms en tannies se liefde en regte neefs en niggies se liefde wat deel van die regte skepping is.

In ons liefde hoef hulle nie kamma-kamma te wees en in kammaland te leef nie! Ons liefde gee hulle rus en laat hulle deel word van die regte lewe in die regte skepping met God.

9. Ons hierdie kinders só lief te hê, mag ons nooit hierdie sondige besluit van die AS aanvaar nie. ons moet dit verwerp as 'n sondige besluit wat kinders verdoem tot valsheid van 'n afgod.

Want die God wie hierdie kinders voorhou dat God hulle in hierdie selfdegeslag verhoudings as kinders verplig om twee mans al twee as pa te aanvaar, twee

God maak kinders regte kinders, nie kunsmatige kinders

vrouens al twee as ma te aanvaar of 'n man as ma en vrou as pa te aanvaar, is die selfopgemaakte god van goddeloses.

Met hierdie selfopgemaakte god wat hulle sommer net Jesus noem, maak hierdie geestelikes wetteloosheid die manier waarop hierdie kinders hierdie grootmense as vaders, moeders en vader en moeder moet eer, terwyl dit sonde is.

Hierdie selfopgemaakte afgod wie van kinders eis om 2 pa's en twee ma's te eer en te gehoorsaam as hul eie pa's en ma's, verwring hierdie kinders se kind wees in hulle om niks te wees. Dit is wat afgodsdienste doen – dit maak mense, soos hierdie kinders, in hul menswees niks.

Kinders wat hulself moet ontvoog van 'die pa of ma wat hul het of hul eie kind wees ontken – om te oorleef binne die disfunksionaliteit van die eis om 2 pa of 2 ma's te moet hê. En dan kom hierdie geestelikes en wys hulle hulle doen sonde as hulle so hulle kind wees probeer behou en eis in die naam van hulle afgod – wees jou vaders en jou moeder gehoorsaam!

'n Selfopgemaakte nuwe wet in die plek van God se wet om kamma-kamma son en daughter te wees in die kamma-kamma gesin met twee pa's en twee ma's van selfdegeslag verbintenisse. 'n kamma-kamma wet van 'n kamma-kamma God!

Hierdie kinders het nie meer 'n stem wat gehoor kan word nie. Die regering het hulle stem stil gemaak met die menseregte van grootmense. Die geestelikes in die NG Kerk het hul stem stil gemaak met 'n afgod en die mense wat hulle aangeneem of verwek het, maak hulle stem stil.

Kom ons hoor hulle nood! Kinders wat nie meer natuurlike kinders mag wees nie maar hul self kunsmatig moet maak net om iets van hul kindwees te kan behou! Kom ons wees vir hulle só lief dat hulle in ons liefde deel van die regte skepping, en 'n regte gemeenskap kan wees! Want hulle is saam met ons deel van God se regte verbond en die regte god se regte liefde.

Kom ons wees vir hulle die ark in hierdie sondvloed van sonde wat nou oor die hele Westerse wêreld spoel en verwerp hierdie sondige besluit van die AS – om só sommige van hierdie kinders in hierdie sondvloed van goddeloosheid en afgodsdienste vir die regte God, in die regte wêreld, in die regte lewe vir regte liefde te kan behou.

Terwyl ons vir onself die woord van die Here in gedagte hou: “Wie een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n maalklip van 'n donkie om sy nek hang.” (Mat. 18: 6)